Cobalt Oplossings
Vir Besigheids Eienaars

Sanlam

DIE REG OP 'n JAARLIKSE LOONVERHOGING

Vraag: Het werknemers 'n reg op 'n jaarlikse loonverhoging?

Antwoord: Daar rus geen algemene verpligting op 'n werkgewer om 'n jaarlikse verhoging toe te staan nie.

Kort verduideliking: Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes van 1997 maak nie vir minimum lone of loonverhogings voorsiening nie. Indien die werkgewer se onderneming egter in 'n industrie of area val waar 'n bedingingsraadooreenkoms of sektorale vasstelling geld, moet die werkgewer voldoen aan die bepalings ten opsigte van minimum lone wat in sodanige ooreenkoms of vasstelling vervat is. Indien die werknemer reeds die minimum loon, of meer as die minimum loon verdien, is daar gewoonlik geen verpligting om die werknemer se loon te verhoog nie. Daar is sommige bedingingsraad ooreenkomste wat, bykomend tot die verhoging op minimum lone, ook bepaal dat die verhoging op "werklike" lone van toepassing moet wees. In die meeste gevalle sal die verhoging egter slegs op minimum lone van toepassing wees.

Artikel geskryf deur Jan Truter van ***www.labourwise.co.za***